

## Nuus – 23 September 2009: 10:00

### Hooftrekke:

1. VSA-ambassade in SA bly gesluit
2. Databasis om geskenke te monitor
3. Verskeie natuurrampe tref Australië
4. Proteas se doppie geklink

**Die** deure van die Amerikaanse konsulaat regoor Suid-Afrika bly weens onbekende sekerheidsvrese gesluit. Die VSA het regeringskantore in Pretoria, Johannesburg, Durban en Kaapstad. Sharon Hudson, 'n woordvoerder van die Amerikaanse ambassade, het gesê die ambassade het inligting van die streekkantoor oor sekerheid ontvang wat sy nie kan bespreek nie. Dít het die groter kommernisse oor sekerheid in Suid-Afrika voor volgende jaar se Wêreldbeker onder die soeklig geplaas. Komm. Bheki Cele, nasionale polisiehoof, het volgehou dat die situasie onder beheer is en dat intelligensiedienste in kontak is met Amerikaanse beamptes. "Daar is dinge wat gebeur het, en dinge wat besig is om te gebeur. Die saak is onder beheer," het hy gesê.

**Parfuum**, speserye, duur selfone en selfs beeste en skape is net 'n paar van die geskenke wat van Suid-Afrika se ministers tussen 2004 en 2008 ontvang het. Dít terwyl 45% van nasionale parlamentslede in 2008 as direkteurs van maatskappye gedien het en 59% van hulle aandele in meer as een maatskappy besit het. Dr. Collette Schulz-Herzenberg en Rosemary Vickerman van die ISS het twee jaar lank navorsing gedoen oor die verklaring van finansiële en persoonlike belange deur politici in ampte op al drie regeringsfere. Dit is die eerste omvattende databasis in sy soort in Afrika en een van min in die wêreld. Volgens Schulz-Herzenberg was die idee agter die databasis om die optrede en belange van politici meer deursigtig te maak, veral sodat die publiek meer vertrouwe in die regering kan kry. Prof. Kader Asmal, 'n voormalige minister, het by die bekendstelling die ISS geloof vir die skep van die

databasis. Hy het ook die belangrikheid daarvan beklemtoon dat openbare ampsdraers hul belange moet verklaar. Met die navorsing vir die databasis het dit egter duidelik geword dat daar groot probleme met die openbaarmaking van belange is. Asmal het gesê om dié probleem op te los, is 'n nasionale kommissaris vir standarde in die openbare sektor nodig om die proses te hersien en spoedig teen oortreders op te tree.

**Australië** is deur verskeie natuurrampe getref toe veldbrande, aardbewegings, stormsterk winde en massiewe haelstorms die land geteister het. Sydney is in 'n spookagtige kombes van rooi stof bedek nadat sterk winde stof vanuit die woestyn, dié stad binnewaai het. Waarskuwings is uitgereik vir kinders en bejaardes om binnehuis te bly en inwoners het maskers gedra en hulle gesigte bedek terwyl hulle werk toe is. In New South Wales, het haelkorrels “so groot soos krieketballe” geval en sterk winde het laat Dinsdagaand ook dié stad geteister. In Queensland het meer as 'n dosyn veldbrande, as gevolg van ongewone droë toestande, uitbreek en die staat van Victoria het waarskuwings oor moontlike vloede uitgereik nadat hoë reënval en ligte aardbewings die area getref het.

### **Sportnuus:**

**Die** Proteas het die spit afgebyt teen Sri Lanka in die openingswedstryd van die Internasionale Krieketraad (IKR) se Kampioenetrofee-reeks. Suid-Afrika se veldtog om hul eerste wêreldtrofee sedert in 1998 te wen, het 'n knou gekry toe hulle Dinsdag op Supersport Park verloor het. Die Suid-Afrikaners moes 320 lopies aanteken om te wen en was op 206-7 toe die eerste reënbuie van die somer dié wedstryd gestaak het. Die Proteas was 54 lopies kort van die verlangde Duckworth-Lewis-teiken van 260. Ajantha Mendis het drie paaltjies vir 30 lopies gevat en Lasith Malinga en Mathews twee elk. Sri Lanka het 319-8 aangeteken danksy die vennootskap van 158 tussen Tillekeratne Dilshan en Kumar Sangakkara. Dilshan het 106 lopies van 92 balle gemoker.

**Die nuusbuletin is geskryf en saamgestel deur Triple M Nuus.**